# ISRAEL TOER




Bybel Toere

## April 2022

| |
|---|
| Toerprogram |
| book@bible-tours.co.za |
| 07 22 11 66 44 |

Bybel Toere

| 9 Dag Toer | Deel in 'n Belewenis |
|---|---|
| **23 April -2 Mei 2022**<br>7 Nagte (+2) \| **Platinum**<br>$1 = R14.50 - R36 000<br>**$1 = R15.50 - R37 500**<br>$1 = R16.50 - R39 100 | *Direkte Retoervlugte vanaf O.R. Tambo*<br>*Luukse Hotel Verblyf*<br>*Ontbyt en Aandete*<br>*Luukse Busvervoer na besienswaardighede*<br>*Fooitjies*<br>*Mediese Versekering*<br>*Voorwaardes: Per persoon wat deel*<br>*Minstens 32 toerlede*<br>*COVID-19 bepalings*<br>*Prys veranderlik* |

**Dag 1 | Sa 23**

JOHANNESBURG - TEL AVIV

Ons ontmoet mekaar D.V. 4 ure voor vertrek by O.R Tambo Internasionale Lughawe met groot opgewondenheid en vooruitsigte. Nadat die formaliteite afgehandel is, geniet ons saam koffie op eie bodem en gaan aanboord die vliegtuig vir 'n oornagvlug na Tel-Aviv.

**Dag 2 | So 24**

TEL AVIV - BEERSHEBA - DOOIE SEE

Ons arriveer in die oggend op die Ben Gurion Lughawe, en gee ons eerste voetstap in die heilige land. Vandaar gaan ons met 'n luukse toerbus na Beersheba, die stad van die Stamvaders, in die gebied van die Negev-woestyn.

Ons reis voort na Ein-Bokek by die Dooie See, die laagste punt op aarde. Ons gaan tuis in die luukse David Hotel & Spa. Na 'n ruskans geniet ons aandete en sal dan na sonsonder die geleentheid hê om in die Dooie See te gaan swem, of "te dryf". 'n Wonderlike ervaring.

**Dag 3 | Ma 25**


MASADA - EIN GEDI – QUMRAN – BETHABARA – JERIGO - TIBERIAS

Vanoggend vertrek ons na Masada, waar ons per kabelkoets na die bo-punt van die berg gaan om die bouvalle van 'n Joodse vesting te besigtig. Hierdie is ook die omgewing waar Dawid as jong seun rondbeweeg het. Daarna na Ein Gedi, en besigtig die grotte waar Dawid en sy manne weggekruip het vir Koning Saul. Ons reis verder na Qumran waar die Dooie See boekrolle ontdek is. Van hier is 'n uitsig na die oostekant van die Jordaan, met die berg Nebo op die horison. Daarna besoek ons Bethabara, waar Johannes die Doper vir Jesus gedoop het in die Jordaanrivier. Dit is ook die omgewing van ander belangrike gebeurtenisse in die Bybel. Verder na Jerigo, een van die oudste stede op aarde, met oorblyfsels van die stadsmuur wat op God se bevel getuimel het. Ons sien ook 'n vyeboom, soortgelyk aan die een waarin Saggues geklim het toe Jesus daar verby gegaan het. Ons reis dan verder noordwaarts langs die Jordaan-rivier, verby Gilgal en Beth Shean, na ons hotel in Tiberias. Die hotel is geleë op die oewer van die See van Galilea.

**Dag 4 | Di 26**

MAGDALA – KANA – NASARET – TABOR

Na 'n heerlike ontbyt, besoek ons Magdala, waar 'n pragtige sentrum opgerig is by die oorblyfsels van die eertydse dorp waarin Maria Magdalena gewoon het. Ons reis dan in die rigting van onder-Galilea en doen eerste aan in Kana, waar Jesus die water in wyn verander het. Hierna ry ons na Nasaret en besoek na die Kerk van Aankondiging, asook Josef se Grot, wat as timmermanswinkel gedien het. Ons sluit die dag af met 'n besoek aan die berg Tabor, waar die "verheerliking" plaasgevind het.



Dag 5 | Wo 27

## GALILEA -TABGHA – KAPERNAUM – BERG VAN SALIGSPREKINGE - MENSA CHRISTI

Vandag vaar ons per boot op die See van Galilea. Dieselfde waters en gebied waar Jesus en sy dissipels baie vertoef het. Ons besoek daarna die Berg van Saligsprekinge, waar ook die bergpredikasie deur Jesus gelewer is. Dan Tabgha, waar die wonderwerk met die brode en visse plaasgevind het. Ons ry na die dorpie Kapernaum, en sien die oorblyfsels van die 2de eeuse sinagoge, gebou op die plek soos dié wat in die tyd van Jesus daar was. Laatmiddag gaan ons na die kapel teen die oewer by Mensa Christi, waar Jesus aan sy dissipels verskyn het by die See van Galilea. Die groep vertoef hier lank genoeg sodat almal die geleentheid kry om sommer net op die strand te sit, of selfs in die vlakwater te staan en die brandertjies te beleef soos in die tyd van Jesus. ‘n Baie besondere plek om te wees!

Na aandete onderneem ons ‘n opsionele bootreis op die See van Galilea, wat grootliks die gevoel gee van die geleentheid toe die storm oor die skuit van die dissipels gekom het.

**Dag 6 | Do 28**

KARMEL – CAESAREA – JERUSALEM

Ons verlaat Galilea en reis verder in die rigting van die Middelandse see na die berg Karmel, die plek waar Elia deur die Baälprofete gekonfronteer was. Dan na Caesarea. Eers besoek ons die "Aqueduct" en daarna die gerestoureerde Romeinse Amfiteater, asook die oorblyfsels van 'n Kruisvaardersvesting. Caesarea is ook die plek waar Petrus die Romeinse offisier gedoop het en eintlik die begin van die Kerk van Christus aangekondig het.  Paulus se voetspore lê ook hier. Ons reis verder na Jerusalem na ons hotel vir aandete en oornag.

**Dag 7 | Vr 29**

OLYFBERG – GETSÉMANÉ - BETLEHEM – HERDERSVELDE

Vanoggend gaan ons na die Olyfberg met 'n pragtige uitsig oor Jerusalem. Ons besoek die Hemelvaartskapel, dan stap ons die berg af en stop by die plek waar Jesus oor die stad geween het. Verder gaan ons na die Tuin van Getsémané, die plek van Jesus se worsteling en gevangeneming. Ons spandeer tyd in die "Kerk van Angs", 'n spesiale plek om te wees. Ons ry dan per bus verder na Betlehem en besoek die geboorteplek van Jesus, een van die belangrikste plekke op aarde. Ons sluit die dag af by die Herdersvelde waar die Engele aan die herders verskyn het.


**Dag 8 | Sa 30**

JERUSALEM (OU-STAD) - BERG SION – TUINGRAF

Vandag begin ons by die Mispoort van die Ou Stad en stap na die Klaagmuur, die heiligste plek vir die Jode. U besoek 'n ondergrondse sentrum waar dele van die Tempelmuur oopgegrou is. Ons besoek die Bad van Betesda en die St. Anne's Kerk, gebou oor die plek waar moeder Maria gebore is. Dan stap ons na die paleis van Pontius Pilatus en ook die Vesting van Veroordeling waar Jesus die kruis opgeneem het.  Ons volg die Via Dolorosa na die tradisionele Golgota en sien die kapel wat opgerig is oor die plek waar die kruisiging plaasgevind het. Hierna gaan ons na die berg Sion en besoek die Bo-vertrek. Dan

stap ons verder na die Kerk van St. Peter in Galicantu, ook bekend as die huis van Kajafas, waar Jesus aangehou was en ook waar Petrus vir Jesus verloën het.

Ons gaan terug na Jerusalem en sluit die dag af by die Tuingraf. Hier het ons ook die voorreg om Nagmaal te gebruik. Dié besoek is een van die hoogtepunte van u toer!



**Dag 9 | So 1**

## ISRAEL MUSEUM – EIN KAREM - JOPPE – TEL AVIV

Ons besoek vandag 'n museum. Hier word die Dooie See boekrolle ten toon gestel, en ook 'n merkwaardige model van die ou-stad, Jerusalem. Ons verlaat Jerusalem en besoek Ein Karem, die tuiste van Johannes die Doper. Daarna gaan ons na Joppe, volgens oorlewering die oudste hawestad ter wêreld. Ook die eertydse woning van Simon die Leerlooier en die plek waar Petrus vir Dorkas (Tabitha) uit die dood opgewek het. Ons reis dan na die Ben Gurion lughawe vir ons vlug na Suid-Afrika.

**Dag 10 | Ma 2**

## JOHANNESBURG

Ons behoort vroeg-oggend in Johannesburg neer te stryk. Hierna groet ons mekaar as toervriende met mooi herinneringe van die plekke waar Jesus en ander Bybel-figure ons vooruit gegaan het en ook met 'n beter begrip van die wêreld van daardie tyd.



Kapernaum by Galilea



Betfagé teen die Olyfberg




Krippie in Betlehem










ויאה דולורוזה
طريق الالام
VIA DOLOROSA
V

